Ontmoetingsdiens

- **Votum: Ps 124 [voorgelees]**
- **Seën:**

Genade, Vrede en liefde vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees!! **Amen**.

- **Geloofsbelydenis:12-3:1,2**
- **Gebed -** *Lof, skuld, leiding deur Gees.*

Woorddiens

- **Lees: Psalm 5**
- **Preek**

Antwoorddiens

- **Gebed –** Voorbidding, dank, lof**.**
- **Wet – Rom 12:17-21**

- **Ps 46a:1,6**

Liefdegawe!!

- **Sb 12-4:1,2,3** [nuwe een in bruin boekie]

- **Seën**
  - Die genade van ons Here – Jesus Christus
  - Die liefde van God – ons Vader
  - En die krag en leiding van die HG
  - sal by julle wees

Amen.

Omring

Psalm 5

Inleiding

- Soms beland mens in verhoudings wat meer na oorlog voel as na vriendskap.
    - ‘n onskuldige opmerking is verkeerd opgevat en nou is elke gesprek amper soos ’n swaardgeveg.
    - Of dis iets wat oor jare opgebou het

    - Party voel soos ’n kernoorlog met baie vonke
    - Ander soos ’n koue oorlog met min vonke

    - Jy wens jou kollega word verplaas Pofadder toe
    - Jy wens jou kamermaat trek uit
    - Jy wens jy kon uit die huis uittrek
    - Jy wens jy hoef nie elke dag in jou man of vrou se gesig vas te kyk nie
        - maar nou is julle getroud en dis nie so maklik as om net uit te trek nie.

- Lukas Maree het ‘n liedjie met die woorde:
  Ons spaar mekaar nie juis nie want ons ken mekaar te lank
  Ons veg nie met die vuis nie maar ons moor mekaar met klank
  Die stille is jou wapen waarmee jy my ignoreer
  en ek verkies die kletter van my woordeboekgeweer

- So ’n Verhoudings-oorlog kan ’n mens emosioneel uitput.
    - Om die bul by die horings te pak en dinge net te wil uitpraat werk ook nie altyd nie.
        - Soms is dinge daarna net erger.

- Koning Dawid van Israel het eeue terug ook gevoel
    - hoe mense mekaar kan seermaak in 'n verhouding oorlog.
    - Hy het ook 'n liedjie daaroor geskryf: Psalm 5
        - wat later saam met psalm 3,4 en 6 waarskynlik daagliks gebruik is in persoonlike stiltetyd.

- Maar - Dawid het besef daar is eintlik drie partye.
    - jou 'vyande', jyself ...en God
    - Kom ons lees dit nou saam...

[Lees Psalm 5]

- Kom ons kyk na die drie partye en leer meer oor 'n saak wat ons elkeen al mee tedoen gehad het.

God

- Iets van ons oplossing sien ons al in vers 1-3
    - waar Dawid sommer aan die begin van die dag eerste na God toe gaan met sy stryd en seer.
    - Hy sê: "Here, hier is ek, hoor my, sien my raak...!"
        - Hy lê nie in sy bed en wen hom solank op met idees hoe om die ander persoon terug te kry nie
        - Hy klop eerste aan God se deur

- En dan erken en herinner hy homself aan 'n klomp dinge van God
    - En dis jou redes hoekom Hy juis na Gód toe kan kom met jou stryd.

- In vers 5,6,7 stapel dit opmekaar:

    - V5 – sien ons die feit dat God en mense se slegte optrede nie by mekaar pas nie
    - V6 – sien ons die feit dat mense se slegte optrede verseker daarom moeilikheid sal optel
    - V7 – sien ons God sal uiteindelik teen hierdie slegte optrede reageer.

- In jou 'verhouding-oorlog' kan jy na God kyk en weet:
    - God en mense met slegte gedrag pas nie,
    - daar gaan moeilikheid wees tussen hulle,
    - en God sal uiteindelik wen.
- Dis hoekom Dawid eerste sê: "Ek gaan na God toe, net Hy kan eintlik met die mense te werk!"

- Jy sien, as ek en jy mekaar aanvat is dit soos twee vuil mense wat mekaar met modder gooi.
    - Jy wil jouself graag beter of meer onskuldig sien as die ander...
        - sodat hy na jou kan kyk en uiteindelik toegee jy is beter.
    - Maar dit sal nie gebeur nie, want hy sien ook net vuil as hy na jou kyk
    - Jy self is nooit die standaard waarvoor die ander party sal buig nie
- V11 wys dat mense se lelik-maak
    - in die eerste plek opstand is teen God
- God is die enigte voor wie daardie persoon geen verskonings het nie.
    - En daarom is God jou eerste deur om by te klop

Ons 'vyande'

- In vers 10 kry ons 'n duideliker beskrywing van hierdie 'vyande'
    - om die verskil tussen God en hulle duidelik te onderstreep:
        - Hulle woorde kan nie vertrou word nie
        - Hulle harte wil verwoes en seermaak
        - Wat hulle sê is vals en wil mense mislei

- Dit klink na die dinge wat ons beleef in ons 'verhouding-oorloë'
    - en dis juis die dinge wat ons uitgelewer laat voel.
    - jy raak moeg om strategies rond te spring om die skerp steke te probeer mis
    - Dawid pleit dan by God om iets te doen in vers 11.

- Kyk Mooi! - Hy probeer nie self veg of verdedig nie,
    - God moet iets doen omdat daardie persoon juis eintlik in opstand is teen God!
    - Dis God se reg en heiligheid wat 1ste aangetas word in hoe daardie mens tekere gaan.
    - Dis in die eerste plek nie tussen jou en die ander persoon nie maar tussen hom/haar en God
    - Sien:
        - Mense tree so op en maak ander seer
        - omdat hulle in die eerste plek nie in 'n regte verhouding met God staan nie
        - hulle rus nie in wie Hy is nie,
            - hulle sal eers rus as jy uit die pad is.

- Maar waar pas jy in die prentjie?
    - Jy is ook mos eintlik self erens vuil
    - Wat maak jou so spesiaal en anders?

Onsself

- Vers 8 en 9 wat 'n mens se plek in die hele storie verduidelik
    - is in die Hebreeus so beplan om presies in die middel van die psalm te wees.

- Hier ontdek ons hoe ons, wat ook skuld aan ons kan het vir die toestand van die verhouding,
    - tog by God kan pas en hulp soek.
    - Dis nie omdat omdat ons meer spesiaal is nie!

> *8Maar ek, ek <u>mag deur u groot liefde</u>*
> *in u huis ingaan*
> *en in u heilige tempel buig*
> *met die eerbied wat aan U*
> *verskuldig is.*
> *9Omdat ek vyande het, Here,*
> *leer my tog wat reg is*
> *en help my om u wil te doen.*

- God self is die rede hoekom ons na Hom kan gaan.
    - V8 sê 'n Deur van oorgenoeg liefdevolle goedheid staan vir ons oop om by God te wees
        - – selfs al dra jy ook skuld.

- Maar hoekom is daar genadig toegang vir jou en nie vir die ander nie?

- Wel, Dawid se vyande probeer met valsheid en manipulasie hulle eie lewens beheer
    - en is eintlik teen God in opstand, die enigste Koning.

- Dawid kom mos in vers 1 al met eerbied en erkenning dat God eerder die Koning en Meester is.

- Dit is so eenvoudig as dat Hy God se grootheid en goedheid erken, die ander nie.
    - Dis so eenvoudig as dat hy sy swakheid besef, die ander nie.
    - Dis so eenvoudig as dat hy God se hulp en leiding soek, die ander nie.
    - Dat Hy in God wil kom rus, en die ander draai eerder na hulle skelm planne om te rus.
    - Dis dieslefde goeie nuus wat uitspeel tussen die twee rowers lang Jesus aan die kruis
        - die een wil sy pad reg vloek en skel
        - die ander een erken sy sonde voor God en kry toegang tot die paradys.

- God se genade in Jesus Christus !
    - Dit is wat maak dat ons na God toe kan draai.
    - En met jou oë so op God verander jou fokus ook...
        - weg van die vyand en terug op jouself
        - op die balk in jou eie oog.

- Sien in v 9 wat Dawid bid:
    - Here, leer *mý* hoe om reg te reageer
    - Help mý om U wil te doen
    - Só, veilig in die Here
        - Meet ek nie meer myself teen my vyand nie
            - "Maar hulle maak dan so"
            - "Hy het eerste begin"
        - Ek sien myself net voor die Here en doen wat Hy van my vra
            - Hou jou kant skoon en getuig so van my

- Waar is jou plek in jou verhoudingsoorlog?
    - By God op grond van sy genade in Jesus ook vir jou
    - Met 'n fokus op jouself

God as skild

- In die laaste verse sien ons waar almal sal eindig
        - wat hulle verhouding oorloë
        - so in God en sy genade hanteer.

- In die begin was daar 'n gesug, en gesmeek vir hulp,
    - maar uiteindelik kom daar blydskap, vreugde wat ons laat sing,
    - en om in God weer kans te sien vir die dag!

    Hiervoor is een rede:
    13 U laat dit goed gaan
    met die regverdige, Here,
    u goedheid beskerm hom
    soos 'n skild.

- Hierdie regverdige met wie dit goed gaan beteken nie mense sonder sonde nie.
    - Hierdie regverdige is mense wat weer in 'n regte verhouding met God is.
    - Vuil en skuldig maar... nederig en gered.

- Daarom is die Heilige Sondelose God vir regverdiges soos 'n oorlog skild waaragter jy kan wegkruip.
    - Jou saak met God is reg van wee Christus
        - daardie persoon slaan in wese teen die skild vas

    - Hierdie beeld vat eintlik die hele psalm saam en rond dit af.

- Die pad wat jy het is om elke oggend op te staan,
    - en eerste by die regte deur aan te klop
    - jou gemoed weer sterk te maak deur jouself aan al hierdie waarhede te herinner,
    - in nederigheid elke keer na die Here toe te draai as die aanvalle kom,
        - eerder as om terug te veg,
    - en terwyl jy by God skuil net te bid dat
        - Hy jou sal lei om te bly reg optree
        - en dat Hy jou sal help om sy wil te doen.

Slot

- Verhoudinge tussen mense is van die moeilikste dinge in die lewe.

- Mag ons God elke dag raaksien en erken
    - vir sy goedheid, heiligheid en volmaaktheid,
    - en sy eindelose genade in Christus
        - onthou dat jou vyand eintlik teen God opstaan
        - gaan jy in Jesus Christus se genade self na God toe
        - as die ideale skild waardeur jy teen mense se valsheid, leuns en manipulering beskerm word.

- En daar, agter die skild is jy besig om te bid:

9 *Omdat ek vyande het, Here,*
leer my tog wat reg is
en help my om u wil te doen.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
21 September 2014

Ontmoetingsdiens

- **Votum: Ps 124 [voorgelees]**
- **Seën:**

Genade, Vrede en liefde vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees!! **Amen**.

- **Geloofsbelydenis:12-3:1,2**
- **Gebed -** *Lof, skuld, leiding deur Gees.*

Woorddiens

- **Lees: Psalm 5**
- **Preek**

Antwoorddiens

- **Gebed –** Voorbidding, dank, lof**.**
- **Wet – Rom 12:17-21**

- **Ps 46a:1,6**

Liefdegawe!!

- **Sb 12-4:1,2,3** [nuwe een in bruin boekie]

- **Seën**
  - Die genade van ons Here – Jesus Christus
  - Die liefde van God – ons Vader
  - En die krag en leiding van die HG
  - sal by julle wees

Amen.